Jakob en Esau

God het vir Isak en Rebekka 'n tweeling gegee. Esau het baie hare gehad en Jakob 'n gladde vel. Esau was 'n goeie jagter en Jakob het graag by die huis gewerk. Hulle pa was die liefste vir Esau. Hulle ma het weer vir Jakob voorgetrek. Esau was die oudste. Hy sou die hoof van die familie word wanneer hulle pa sterf.

Isak kon nie meer goed sien nie en het vir Esau gevra om vir hom vars vleis te bring. Esau het gaan jag. Rebekka het die plan gehad dat Jakob Esau se klere moes aantrek en het die vel van 'n bokkie om sy arms en nek gesit. Isak het vir Jakob geseën. Toe Esau die kos bring het Isak besef dat hy gekul is en het gehuil. Esau se hart was gevul met haat. Hy het besluit om vir Jakob dood te maak. Rebekka het vir Jakob weggestuur. Daardie nag het Jakob met sy kop op 'n klip geslaap en God het hom in 'n droom besoek. "Ek is die God van jou vaders, Abraham en Isak. Ek is met jou. Ek sal aan jou hierdie land gee. Deur jou familie sal alle families op aarde geseën wees."

Jakob het wakker geword en was baie bang. Jakob het later getrou en elf kinders gehad. Jare later het God aan Jakob gesê dat hy moet teruggaan na sy familie. Hy het sy familie en al sy besittings geneem en teruggegaan.

Esau het na Jakob gehardloop en hom omhels. Jakob en Esau was weer vriende en Jakob was veilig tuis.

Jakob en Esau – beantwoord die vrae

1. Wat was die tweeling se pa en ma se naam?

   _____

2. Wat was die tweeling se name? _____

3. Hoe het God vir Jakob besoek? _____